Die 17-jarige Jennifer Levenson. Haar gesig is gebruik as illustrasie vir die gedeelte van 'n meisie se gesig wat op die stofomslag van Andre P. Brink se nuwe boek verskyn.



# „Hoogtepunt" Vir Sestigers Sal Stellig Twis Ontlok

DRIE boeke deur lede van die Sestigers — dit word bestempel as 'n „hoogtepunt in die geskiedenis van die Sestigerbeweging — sal hierdie week gelyktydig verskyn.

Na verwagting sal dié drie werke hoogs omstrede wees.

Die boeke is *18-44* deur Etienne Leroux, *Miskien Nooit* deur Andé P. Brink en *Die Huis van die Dowe* deur Breyten Breytenbach.

Mnr. Koos Human, 'n direkteur van die uitgewery in Kaapstad wat hierdie drie boeke uitgee, wou gister nie kommentaar oor die aard en inhoud daarvan lewer nie.

'n Perskonferensie wat deur mnre. Leroux en Brink bygewoon sal word, is vir Woensdagmiddag in 'n Kaapstadse hotel gereël wanneer die boeke amptelik vrygestel word. Die twee skrywers het ingewillig om vrae aan die pers te beantwoord. Breytenbach kan die konferensie nie bywoon nie omdat hy in Parys, Frankryk woon.

„Voor Woensdag ... is liewer niks sê nie," het mnr. Human Dagbreek meegedeel.

## Verhouding

Mnr. Brink se boek handel egter oor die verhouding tussen 'n Afrikaanse skrywer (waarskynlik Brink self) en 'n jong Sweedse meisie in Parys, Frankryk.

Breyten Breytenbach se werk is 'n digbundel en dié van Leroux 'n roman.

Die gesig van 'n eerstejaarkunsstudente aan die Universiteit van Rhodes is gebruik as illustrasie vir die gedeelte van 'n meisie se gesig wat op die stofomslag van mnr. Brink se boek verskyn. Sy is mej. Jennifer Levenson, van Grahamstad.

Mnr. Brink, hy is lektor op Rhodes, het lank gesoek na 'n foto wat op die stofomslag sou kon verskyn. Hy het toe 'n wedstryd uitgeskryf vir 'n meisie wie se gesig vir sy gevoel sou „pas". Die 17-jarige mej. Levenson is uit 'n hele aantal deelneemsters gekies.

Al wat oor mnr. Breytenbach se boek bekend is, is dat dit 'n „lywige digbundel" is.

## Stel Belang

Volgens die uitgewer, Human & Rousseau, is daar op die oomblik tekens van toenemende oorsese belangstelling vir die werke van die „omstrede" Etienne Leroux. 'n Vertaling van sy *Sewe Dae by die Silbersteins*, wat onlangs in Engels by 'n Amerikaanse uitgewer verskyn het, het tot gevolg gehad dat talle navrae oor buitelandse taalregte uit 'n groot aantal lande ontvang is.

Die Amerikaanse nuustydskrif, „Newsweek", het onlangs taamlik volledig oor die verskyning van hierdie boek en ook oor die rol van die Sestigers in die Afrikaanse samelewing geskryf. Daar word verwag dat hierdie publisiteit die Sestigers op internasionale gebied „'n verdere stoot vorentoe sal gee," aldus Human en Rousseau.

Ander werke van Etienne Leroux sal ook in Amerika uitgegee word.



'N ONGEWONE foto van Breyten Breytenbach. Die foto is in Parys deur Andre P. Brink geneem toe hy verlede jaar daar gekuier het.